KAIROS NETWERK
info@kairosnetwerk.net
kairosnetwerk.net

PERSVERKLARING – 7 Oktober 2021

Kairos Netwerk het ontstaan nadat alle kerkregtelike prosedures gevolg was om die onbybelse skrifhantering en besluite van die NG Kerk se Algemene Sinode aan te spreek, maar onsuksesvol was. Dit het, onder andere, honderde beswaarskriftte ingesluit wat blatant deur die Algemene Sinode geïgnoreer was.

Kairos Netwerk bestaan uit NG gemeentes en gemeentelede wat hulself nie meer met die besluite en optrede van die Algemene Sinode kan vereenselwig nie. ‘n Lys van hierdie gemeentes wat doleer (treur oor hierdie situasie in die NG Kerk) kan gesien word by kairosnetwerk.net/lys

Kairos Netwerk se bestuur ondersteun hierdie behoudende gemeentes en gemeentelede deur hulle met raad te bedien, onderlinge gesprek te fasiliteer en om ‘n netwerk daar te stel waar behoudende christene in eenheid die gemeenskap van gelowiges kan beleef rondom die Waarheid van die Woord.

Hierdie dolerende gemeentes het spontaan streekskonferensies dwarsoor die land begin reel.

Die eerste twee was by die Moreletapark en Bethal gemeentes. Die volgende drie is:

- 15 Oktober: Oos-Kaap – NG Gemeente Algoa : 10h00 tot 15h00
- 23 Oktober: Wes-Kaap – NG Gemeente Strand : 8h30 tot 15h00
- 28 Oktober: Noord-Vrystaat – NG Gemeente Odendaalsrus : 9:00 tot 12:50

Hierdie konferensies is vir alle behoudende NG-lidmate en gewese NG-lidmate wat hulself vereenslwig met die tema “Terug na die Waarheid van die Woord”.

Enige navrae oor hierdie konferensies, of om dit finansieel te help ondersteun, kan per epos gestuur word na info@kairosnetwerk.net Navrae kan ook na Kairos Netwerk se WhatsApp-nommer gestuur word by 082 237 7793. Meer inligting is ook beskikbaar op Kairos Netwerk se webtuiste by kairosnetwerk.net

Kairos beklemtoon weereens dat kerkskeuring nie die wenslike oplossing is nie maar eerder ‘n ordelike protes wat “Terug na die Waarheid van die Woord” reformasie tot gevolg het.

Ons vra alle christene, wat saam met Kairos Netwerk bekommerd is oor die liberalisme wat besig is om wêreldwyd by kerke in te sypel, vir ernstige voorbidding hieroor.

Anton Knoetze
Namens Kairos Netwerk bestuur